**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. : 8/2007

In die saak tussen:

**DIE STAAT**

en

**PETRUS VAN WYK**

---

**CORAM:** HATTINGH, R *et* VAN DER MERWE, R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 9 MAART 2007

---

[1] Die administratiewe onbeholpenheid en gebreke wat blyk uit die rekord van hierdie verrigtinge, het ten minste een van die partye hiertoe ernstig benadeel. Dit het óf veroorsaak dat 'n skuldige ongestraf moet uitgaan óf dat 'n persoon wat vrygespreek moes word, vir 'n lang tyd daarna in hegtenis aangehou is.

[2] Die beskuldigde in hierdie saak is in die landdroshof te Excelsior verhoor op 'n aanklag van huisbraak met die opset

om te steel en diefstal. Die verhoor is waargeneem deur 'n landdros afkomstig van Ladybrand. Op 2 Augustus 2005 is die beskuldigde skuldig bevind soos aangekla. As gevolg van 'n lang lys van beweerde soortgelyke vorige oortredings deur die beskuldigde, is die beskuldigde ingevolge die bepalings van Artikel 116(1)(b) van die Strafproseswet, Nr. 51 van 1977 na die streekhof verwys vir doeleindes van vonnis. Die beskuldigde is vanaf datum van sy skuldigbevinding in hegtenis aangehou.

[3] Die beskuldigde het gevolglik op 1 Desember 2005 vir die eerste keer in die streekhof verskyn. Dit het toe geblyk dat die getikte oorkonde van die verrigtinge in die landdroshof wat in die streekhof voorgelê is, wesenlik onvolledig was. Ten minste die gehele kruisondervraging en herondervraging van die tweede (en laaste) staatsgetuie en die gehele hoofgetuienis van die beskuldigde het ontbreek. Hierna het die betrokke streeklanddroste herhaaldelik gepoog om die volledige oorkonde te verkry en is die saak vir daardie rede herhaaldelik uitgestel. Uiteindelik, nadat die

streekhof die getuienis van die klerk van die hof en die kantoorbestuurder van die landdroshof te Excelsior aangehoor het, het dit geblyk dat die oorspronklike notule op ‘n onbekende wyse na Ladybrand geneem is vir doeleindes van die oortik daarvan en dat die oorspronklike notule sowel as die ontbrekende bladsye van die getikte oorkonde op ‘n onverklaarbare wyse verdwyn het en nie gevind kan word nie. Die verhoorlanddros het ook bevestig dat dit nie moontlik is om die ontbrekende gedeelte van die getikte oorkonde te rekonstrueer nie. Daar is geen rede om laasgemelde stelling te betwyfel nie. Die saak is gevolglik op 1 Februarie 2007 na hierdie Hof verwys vir spesiale hersiening. Op daardie datum is die beskuldigde ook op waarskuwing vrygelaat hangende die uitslag van die hersiening.

[4] Dit is bekende reg dat wanneer in gevalle van outomatiese hersiening ingevolge die Strafproseswet of strafappèlle dit blyk dat ‘n verlore of wesenlik defektiewe oorkonde van die verrigtinge nie gerekonstrueer kan word nie, die betrokke

skuldigbevinding en vonnis ter syde gestel moet word. Sien **S v JOUBERT** 1991(1) SA 119 (A) op 126 en **S v FREDERICKS** 1992 (1) SASV 561 (K). Na my mening moet dieselfde beginsel geld by 'n geval soos die onderhawige. Sonder dat die beskuldigde enige skuld daaraan het, is dit nie moontlik om te bepaal of die verrigtinge in die landdroshof of die beskuldigde se skuldigbevinding ooreenkomstig die reg is nie.

[5] Gevolglik word die skuldigbevinding ter syde gestel.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem saam.

**G.A. HATTINGH, R**

/em